  - ❖ Hierdie produk is giftig vir bye wanneer hul aan direkte bespuiting, of plante in blom waarop die spuitstof nog nie afgedroog het nie, blootgestel word.
  - ❖ Moenie direk op kolonies of aktiewe bye spuit nie.
  - ❖ Spuit gedurende nag op gewasse in blom of waar ‘n gewas binne 500 m van die area wat bespuit moet word, in blom is.
  - ❖ Laat minstens ‘n periode van 3 ure tussen toediening en bye aktiwiteit toe.

Stel bure, byeboere asook plaaslike voorligters in kennis voordat in die nabyheid van gewasse in blom, toegedien word. **TRACER® 480 SC** het slegs 'n geringe invloed op bye, nadat die spuitstof afgedroog het.

“Skadelik vir Parasiete”

“Veilig vir Predatormyte”

“Effens Skadelik vir Coccinellidae”

“Effens Skadelik vir Neuroptera”

Voordelige Insekte op Sitrus:

*Chilochorus nigritus* – Effens Skadelik

*Aphytis lingnanensis* – Skadelik

*Coccidoxenoides peregrinus* – Baie Skadelik

*Trichogrammatoidea cryptophlebiae* – Matig Skadelik

*Euseius citri* – Matig Skadelik.

\* Dit moet in aanmerking geneem word dat **TRACER® 480 SC** nie 'n lang nawerking het nie en dus behoort daar nie 'n langdurige effek op die voordelige insekte onder boordtoestande te wees nie.

- Berg in 'n koel droë plek en verwyderd vanaf voedsel en veevoer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

### Herbetredingsperiode:

Moenie 'n behandelde gebied betree alvorens bespuiting droog is nie, tensy beskermende klere gedra word nie.

### VRYWARING

Alhoewel hierdie middel omvattend in 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit in alle omstandighede doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; die kwaliteit van die verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie; die moontlikheid dat die plaag weerstand kan bied teen die betrokke middel sowel as die metode, die tyd en die akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, of aan die omgewing nie; of vir enige nadelige uitwerking op mens of dier nie; of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings ten opsigte van die betrokke middel na te kom nie, of ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

### **VOORKOMENDE VERKLARINGS:**

Versamel verspilde produk.

Raak ontslae van houer en/of inhoud in ooreenstemming met toepaslike regulasies.

Berg altyd in die oorspronklike ge-etiketeerde houer.

Vermy die inaseming van sproeinewel.

Was met water en seep in geval van toevallige kontak met vel.

Dra handskoene en 'n gesigskerm wanneer konsentraat hanteer word en gesigskerm tydens toediening.

Vermy vel- en oogkontaminasie. In geval van toevallige oogkontak, spoel oë met lopende water vir minstens 15 minute. Verkry mediese hulp indien oogirritasie nie sou opklaar nie.

Moenie eet, drink of rook terwyl gemeng of toegedien word nie.

Tydens vermenging of toediening moet die hande en gesig altyd gewas word voordat geëet, gedrink, gerook of die toilet besoek word.

Vermy wegdrywing van spuitnewel na aangrensende gewasse, weidings, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.

Maak toerusting skoon voordat vir ander middels gebruik word en gooi spoelwater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en waterbronne sal besoedel nie.

Spoel leë houer driekeer uit as volg: Keer leë houer om oor die meng- of spuittenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna drie maal uit met water gelykstaande aan ongeveer 10 % van die volume van die houer en voeg die spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Vernietig die leë houer deur gate in te kap, plat te slaan en te begrawe. Moet nooit leë houers vir enige ander doel aanwend nie.

Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei tydens opberging, hantering en wegdoening.

## **RELEVANTE STOWWE:**

<b><u>KOMPONENT</u></b>	<b>CAS No.</b>	<b>Konsentraat (% w/w)</b>
Spinosyn A	131929-60-7	22,1
Spinosyn D	131929-63-0	22,1
Spinosyn B	131929-61-8	0,489
Naftaleensulfonsuur, formaldehyd ammoniumsout kopolimeer	9069-80-1	$\geq 1 - < 3$
1,2-bensisotiasool-3(2H)-een	2634-33-5	$\geq 0,025 - < 0,05$

## **NOODHULP:**

### **Inaseming:**

Ver skuif pasiënt na varslug. Indien persoon nie asemhaal nie, ontbied 'n nooddienst of ambulans, doen mond-tot-mond asemhaling. Indien mond-tot-mond asemhaling toegepas word, maak gebruik van die noodbeskerming toerusting (sak masker, ens.). Ontbied die gifsentrum of medici vir behandelingsadvies.

### **Velkontak:**

Verwyder onmiddellik besmette klere. Was vel onmiddellik met genoeg water vir ongeveer 15-20 minute. Ontbied 'n gifsentrum of medici vir behandelingsadvies.

### **Oogkontak:**

Hou oë oop terwyl stadig en met sorg uitgespoel word vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense, indien gedra word, na die eerste 5 minute. Hou daarna aan om oë te spoel. Ontbied gifsentrum of medici vir behandelingsadvies.

### **Inname:**

Geen noodhulp behandeling is nodig nie.

## **Weerstandsbestuur van insekmiddels**

Insekdoders word geklassifiseer op grond van hul werkingswyse. ("Mode of Action"). **TRACER® 480 SC** is geklassifiseer as 'n spinosin (subgroep 5A) insekdoder.

Enige insekpopulasie mag individue met 'n natuurlike weerstand teen **TRACER® 480 SC** of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep insluit. Indien **TRACER® 480 SC**, of insekdoders van dieselfde chemiese groep, herhaaldelik oor lang periodes, of teen opeenvolgende generasies van insekte aangewend word, sal die weerstandbiedende individue uiteindelik oorheersend in die populasie voorkom. Hierdie weerstandbiedende insekte sal nie deur **TRACER® 480 SC**, of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep, beheer word nie. Lokale kundiges moet oor 'n weerstandstrategie of oor aanbevelings in die verband geraadpleeg word. Dit is bekend dat weerstand van insekte en myte teen insek- en mytdoders ook kan ontstaan as gevolg van verhoogde metabolisme, verlaagde penetrasie of veranderde gedragpatroon. Hierdie tipe weerstand hou nie verband met enige werkingswyse-klassifikasie nie, maar sal spesifiek wees tot 'n bepaalde middel of chemiese groepering. Ten spyte van bogenoemde, bly die afwisseling van middels tussen verskillende chemiese groepe steeds 'n lewensvatbare anti-weerstandstegniek.

Om insekweerstand te vertraag

- Vermy die eksklusiewe gebruik van insekdoders van dieselfde subgroep.
- Moenie insekdoders teen laer dosisse, as wat op die etiket voorgeskryf word, aanwend nie.
- Rig toedienings verkieslik en waar enigsins moontlik, teen die jonger larwale- of die eierstadium van 'n betrokke plaag.
- Sluit ook ander bewese landboukundige of biologiese beheerpraktyke by geïntegreerde plaagbestuursprogramme in.

### **Geïntegreerde Plaagbestuursprogram**

**TRACER® 480 SC** kan in GPB programme van verskeie gewasse aanbeveel word, veral waar die voorkoms van plaegemonitor word en toedienings eers oorweeg word wanneer die ekonomiese drumpelwaarde vir die plaeg op die betrokke gewas bereik is.

Behalwe dat **TRACER® 480 SC** die plaeg wat as voedselbron vir voordelige insekte dien, beheer, het **TRACER® 480 SC**, wat binne GLP aangewend word, nie 'n beduidende nadelige invloed op parasitiese en predatoriese insekte en myte soos skilpadkewers, goudogies, roofwantse, predatoriese myte, ens. nie. Alhoewel **TRACER® 480 SC** as "giftig" vir parasiete geklassifiseer word, het veldstudies getoon dat populasies weer vinnig na bespuiting herstel. Die voedingsaksies van natuurlike vyande dra gewoonlik ook by tot die beheer van sekere ander skadelike insekte en verminder die kans vir uitbrake van sekondêre plaeg waarvoor addisionele toedienings van insekdoders nodig mag wees.

Indien **TRACER® 480 SC** met ander insekdoders gemeng word, wat die selektiwiteit van **TRACER® 480 SC** ten opsigte van die voordelige insekte benadeel, sal die voordeel van **TRACER® 480 SC** in die GPB program nie ten volle benut kan word nie.

### **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

**Gebruik slegs soos aangedui.**

**TRACER® 480 SC** is 'n suspensiekonsentraat wat vooraf met water vermeng moet word om deur middel van konvensionele spuitapparaat as looftoedienings op plante toegedien te word.

## **Menginstruksies:**

### **TRACER® 480 SC alleen:**

Vul die spuittenk tot die helfte van die totale volume water benodig. Voeg die verlangde hoeveelheid **TRACER® 480 SC** in die spuittenk terwyl die water aanhoudend geroer word en vul die tenk verder aan tot die verlangde volume. Handhaaf roering gedurende bespuiting om univorme verspreiding van die middel in die tenk te verseker. Vermyn die terugvloei van water of spuitmengsel na die waterbron.

### **Verenigbaarheid, pH en tenkvermenging:**

Moenie **TRACER® 480 SC** met modderige water vermeng nie. Alhoewel pH van spuitmengsels nie 'n invloed op die aanvanklike uitklopwerking van **TRACER® 480 SC** het nie, sal spuitmengsels met 'n lae pH waarde (< pH 6) die residuele werking van **TRACER® 480 SC** benadeel. Buffer-middels is oor die algemeen nie nodig nie. Versuringsmiddels of produkte wat die spuitmengsel tot onder pH 6 sal versuur (bv. Fosfonate, hoë konsentrasies van blaarvoedings, ens.) moet vermyn word of terug gebuffer word tot pH 6 – 9. Optimum werking van **TRACER® 480 SC** word by pH 6 – 9 verkry.

Voordat **TRACER® 480 SC** met ander middels in die spuittenk vermeng word, moet daar eers 'n pH en verenigbaarheidstoets, op klein skaal en in die regte verhoudings, gedoen word alvorens die middels in die tenk gevoeg word.

In die geval van blaarvoedings moet 'n afsonderlike verenigbaarheidstoets vir elke lot, in die betrokke water gedoen word.

In die geval van tenkmengsels word hewige en deurlopende roering tydens vermenging, vulling en toediening vereis. Terugvloeiptye met sywaartse uitlate op die bodem van die tenk, verskaf normaalweg die mees doeltreffendste roering. Om die vorming van skuim te beperk, moet enige aksie wat die vermenging van lug met die spuitmengsel veroorsaak, voorkom word.

**Wanneer benattingsmiddels by spuitmengsels bygevoeg word, moet 'n verenigbaarheidstoets uitgevoer word.**

### **Mengvolgorde vir Tenkmengsels:**

Vul spuittenk tot ongeveer 'n kwart van totale volume spuitwater verlang. Terwyl die inhoud van die spuittenk geroer word, voeg die verskillende formulasiesoorte in volgorde soos hieronder genoem, by die spuitwater in die tenk. Na byvoeging van elke produk, laat voldoende tyd vir volledige vermenging en verspreiding toe, voordat die volgende produk bygevoeg word. Laat addisionele meng- en dispergeringstyd vir waterdispergeerbare produkte toe.

Meng verskillende formulasie in die volgende volgorde:

1. Water dispergeerbare korrels (Na vooraf vermenging met water).
2. Benatbare poeiers (Na vooraf vermenging met water).
3. **TRACER® 480 SC** en ander watersuspensies.



Terwyl voortdurend geroer word, vul die spuitenk tot driekwart van die totale volume verlang en voeg dan die ander formulasies soos volg by:

4. Emulgeerbare konsentrate.
5. Benattings of bevorderingsmiddels. (In die geval waar **TRACER® 480 SC** saam met mineraal spuit-olie vermeng moet word, meng eers die **TRACER® 480 SC** en die olie, voordat dit in die spuitenk gevoeg word).
6. Blaarvoedings.

Terwyl deurlopend geroer word, vul tenk tot verlangde volume. Hou die inhoud van die tenk in roering vir die volle duur van vermenging en bespuiting. In geval van 'n spuitonderbreking terwyl die tenk nog nie leeg is nie, moet die spuitmengsel eers weer deur deeglike roering in suspensie gebring word, voordat bespuiting hervat word. 'n Terugvloei pyp met sywaartse uitlating op die bodem van die spuitenk is baie geskik vir die doel.

### **Voorafvermenging**

Dispergeerbare korrel (WG) en benatbare poeier (WP) formulasies kan vooraf met water tot 'n pasta vermeng word en deur 'n 20 – 30 maas sif, by die spuitwater gevoeg word. Die prosedure verleen sodoende 'n goeie aanvanklike dispergering van die formulassie soorte.

### **TOEDIENING**

Deur gebruik te maak van behoorlike toedieningstegnieke word verseker dat deeglike bedekking verkry word en die regte dosisse van **TRACER® 480 SC** per ha toegedien word om optimum beheer van insekplae te verseker. Vir die doeltreffende toediening van **TRACER® 480 SC** en goeie bedekking van die gewas, moet die volgende faktore in aanmerking geneem word: Grondspoed en kalibrasie, windspoed, plantgrootte en digtheid van die blaredek.

### **Toediening op Rygewasse:**

Gebruik konvensionele grondspuittoerusting wat gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas te verseker. Stel die spuitbalk en spuitkoppe so op dat univormige bedekking van die teikengewas verseker word. Om behoorlike bedekking van sekere gewasse te verseker, mag valarms nodig wees. Maak gebruik van holkeël spuitkoppe, gespaseer op die regte hoogte en spuitbalk tussenspasies vir optimale resultate. Volg die instruksies van spuitpompvervaardigers in die verband.

## Toediening op Vrugtebome:

Gebruik konvensionele boordspuit toerusting wat op korrekte wyse gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en korrekte dosis per ha te verseker.

**Sagtevrugtebome: TRACER® 480 SC** moet teen hoëvolume (HV) op sagtevrugtebome toegedien word. Die dosis per ha moet verkieslik volgens die formule vir HVB bereken word deur van “*Unrath se formule*” vir “*Boomry Volume*” (BRV) gebruik te maak.

$$BRV = \frac{\text{Boomhoogte (BH)}^* \times \text{Boomwydte (BW)}^* \times 937}{\text{Afstand tussen Rye (RW)}} = \text{HVB in liters per ha}$$

\*(Boomhoogte en Boomwydte moet gedurende die somer, wanneer bome in volblad is, bepaal word.)

Voorgestelde toedieningsvolumes (TV) by verskillende groeistadiums en die formule vir die berekening van dosis per ha, gebaseer op Hoëvolume Behoefte (HVB)

Groeistadium	Toedieningsvolume
Bot tot Volblom	60 % x HVB
75 % Blomblaarval tot Een Maand Later (Midseisoen)	80 % x HVB
Midseisoen tot Na-oes, Voor Blaarval	100 % x HVB

$$\text{Dosis per ha} = \frac{\text{HVB (l/ha)} \times \text{Dosis} / 100 \text{ l}}{100}$$

## Toediening vir Tafeldruiwe:

**TRACER® 480 SC** moet in hoë volume op tafeldruiwe toegedien word. Die hoeveelheid **TRACER® 480 SC** per ha moet verkieslik volgens die hoë volume behoefte, vir 'n bepaalde groeistadium, bepaal word. Die volgende kan as riglyne dien:

Groeistadium	Voorgestelde Volume spuitstof per ha vir Hoëvolume Toediening
2,5 cm tot 25 cm Lootlengte	500 – 750 L
25 cm Lootlengte tot Net-voor-blom	750 – 1000 L
Blom tot Ertjekorrel Stadium	1000 – 1200 L
Ertjekorrel Stadium tot Oes	1200 – 1500 L

**WAARSKUWING:** Waar gewasse onder skadunet verbou word, mag die afbraak van spinosad langer vat. Sodoende sal die onthoudingsperiode dienooreenkomstig verleng word.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>AARBEIE</b> Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Blaaspootjies Verskeie spp insluitend “Western Flower Thrips” – (<i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as ‘n voldekbespuiting toe.</p> <p><b>Nota:</b> <b>TRACER® 480 SC</b> as ‘n enkel- of korrektiewe bespuiting teen bolwurm is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Begin met toediening sodra blaaspootjie waargeneem word. Dien toe as ‘n ligte dekbespuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p><b>Weerstandsbestuur:</b> Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> meer as 3 (drie) maal per seisoen op Arbeie toedien nie. Wissel die gebruik van <b>TRACER® 480 SC</b> af met insekdoders wat ‘n ander werkingswyse het.</p>
<p><b>AARTAPPELS</b> Aartappelmot larf (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p> <p>Aartappelblaarmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>)</p> <p>Amerikaanse (Afrika) bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Tamatieblaarmyner mot (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>30 ml (150 – 300 ml/ha) +</p> <p>150 – 250 ml ligte of medium smal bestek minerale olie</p> <p>OF</p> <p>‘n Geregistreeerde benattingsmiddel teen die geregistreeerde dosis vir gebruik op aartappels.</p>	<p>Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 - 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaë vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaë te verseker.</p> <p>Die volume spuitmengsel per ha word bepaal deur die plantgrootte en digtheid van die blaredek. Begin met ‘n minimum van 500 l/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot ‘n maksimum van 1000 l/ha namate die planthoogte en digtheid van die blaredek toeneem.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<b>AARTAPPELS (verv.)</b>		<p>Gebruik die korter interval van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande of waar natuurlike vyande totaal afwesig is.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p> <p>Aartappelblaarmyner - <i>Liriomyza huidobrensis</i>  Gebruik SANAMECTIN 18 EC (Reg no. L5928) om met <b>TRACER® 480 SC</b> af te wissel in 'n anti-weerstandsprogram.</p> <p>Erd rye minstens tweekeer per groeiseisoen op (aartappelmot).</p>
<b>APPELS</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm ( <i>Helicoverpa armigera</i> )  Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend "Western Flower Thrip" - WFT - <i>Frankliniella occidentalis</i> )	20 ml          15 ml	Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. <b>Nota:</b> <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes.  Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na-blom, veroorsaak. Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteit. Voorgeskrewe verkenningmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal veral gedurende die gevoelige periode.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
APPELS (verv.)		<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> gedurende blom as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperioede en die aanwesigheid van blaaspootjies mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees, om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p><b>Weerstandbestuur:</b> Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b> moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as vier maal per seisoen op appels toedien nie.</p>
<p><b>BLAARSLAAI</b>  Amerikaanse (Afrika)  Bolwurm  (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Tamatieblaarmyner mot  (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>20 ml  (100 – 200 ml/ha)  +  150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie  OF  'n Geregistreerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreeerde  dosis vir gebruik  op blaarslaai.</p> <p>30 ml  (150 – 300 ml/ha)  +  150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie  OF  'n Geregistreeerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreeerde  dosis vir gebruik  op blaarslaai.</p>	<p>Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen ten minste 500 l/ha tot 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuittings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuittings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Gebruik die korter tussenpose van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuittings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuittings per aanplanting aanwend nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>BLOUBESSIES, BRAAMBESSIES, APPELLIEFIES EN BOYSENBESSIES</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend “Western Flower Thrip” - WFT - <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. Nota: <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom en laat skade word na-oes op die nuwe groei veroorsaak. Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteit. Voorgeskrewe verkenningmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal veral gedurende die gevoelige periode.</p> <p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> gedurende blom sowel as na-oes wanneer nuwe groei aangeval word, as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperiode en die aanwesigheid van blaaspootjies mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees, om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p>Weerstandbestuur: Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as drie maal per seisoen op bloubessies toedien nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>ERTJIES en GROENBONE</b>  <b>Slegs ertjies wat uitgedop word</b>  Aartappelblaarmyner  (<i>Liriomyza huidobrensis</i>)</p>	<p>30 ml  (150 – 300 ml/ha)  +  150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreerde dosis  vir gebruik op  ertjies.</p>	<p>Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 – 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker.</p> <p>Die volume spuitmengsel per ha word bepaal deur die plantgrootte en digtheid van die blaredek. Begin met 'n minimum van 500 l/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 'n maksimum van 1000 l/ha namate die planthoogte en digtheid van die blaredek toeneem.</p> <p>Gebruik die korter interval van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande of waar natuurlike vyande totaal afwesig is.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p> <p><b>Nota:</b> Moet nie plantmateriaal na oes vir veevoer of weiding gebruik nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>FRAMBOOS</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend “Western Flower Thrip” - WFT - <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. Nota: <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom en laat skade word na-oes op die nuwe groei veroorsaak. Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteit. Voorgeskrewe verkenningmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal veral gedurende die gevoelige periode.</p> <p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> gedurende blom sowel as na-oes wanneer nuwe groei aangeval word, as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperiode en die aanwesigheid van blaaspootjies mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees, om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p>Weerstandbestuur: Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as drie maal per seisoen op Frambose toedien nie.</p>
<p><b>GRASPERKE</b> Grasperkruspe</p>	<p>2 ml/10 l water (10 l spuitmengsel/ 20 m<sup>2</sup>)</p>	<p>Dien 10 l spuitmengsel per 20 m<sup>2</sup> grasoppervlakte as 'n grond deurdrenking toe met 'n gieter met 'n fyn rooskop sodra die grasperkruspes opgemerk word. Herhaal die toediening sodra 'n nuwe generasie verskyn.</p>



GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>GRASUIE (CHIVES)</b> Blaaspootjies (<i>Thrips tabaci</i>)</p>	<p>15 ml (75 – 150 ml/ha) + 150 – 250 ml ligte of medium small bestek minerale olie.</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreerde benattingsmiddel teen die geregistreerde dosis vir gebruik op grasui.</p>	<p>Dien in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 – 1000 l/ha toe, verseker dat plante deeglik benat word. Herhaal toedienings elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Gebruik die korter tussenpose van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande. Nieteenstaande beheermaatreëls mag blaaspootjie skade voorkom.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p>
<p><b>KERSIES</b> Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>20 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n voldekbepuiting toe.</p> <p><b>Nota:</b> <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n enkel- of korrektiewe bespuiting teen bolwurm is meer effektief teen jonger larwes.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 LWATER	OPMERKINGS
<b>KERSIES (verv.)</b> Blaaspootjie Verskeie spesies insluitend	15 ml	<p>Begin met toediening sodra Blaaspootjie waargeneem word. Dien toe as 'n ligte dekbespuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p><b>Weerstandsbestuur:</b> Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> meer as 3 (drie) maal per seisoen op Kersies toedien nie. Wissel die gebruik van <b>TRACER® 480 SC</b> af met insekdoders wat 'n ander werkingswyse het.</p>
<b>KOPKOOL</b> Ruitrugmot larwes ( <i>Plutella xylostella</i> )  Tamatieblaarmyner mot ( <i>Tuta absoluta</i> )	30 ml (150 - 300 ml/ha) + 150 – 250 ml ligte of medium smal bestek minerale olie  OF  'n Geregistreerde benattingsmiddel teen die geregistreerde dosis vir gebruik op kopkool.	<p>Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen ten minste 500 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Gebruik die korter tussenpose van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p>



GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>PAMPOENGWASSE (verv.)</b>  Amerikaanse Bladmyner (<i>Liriomyza trifolii</i>)   Tamatieblaarmyner mot (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>30 ml  (150 – 300 ml/ha)  +  150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie (bv.  Soos wat vir gebruik  by sitrus  geregistreer is)</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreerde dosis  vir gebruik op  pampoengewasse.</p>	
<p><b>PERSIMMON</b>  Amerikaanse (Afrika)  Bolwurm  (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Blaaspootjies  (Verskeie spesies,  insluitend “Western  Flower Thrip” - WFT -  <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.  Nota: <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurm, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende, vroeë blom tot kort na-blom, veroorsaak. Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteite. Voorgeskrewe verkenningmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<b>PERSIMMON (verv.)</b>		<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> gedurende blom as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperiode en die aanwesigheid van blaaspootjies mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p><b>Weerstandbestuur:</b> Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as twee opeenvolgende bespuitings binne 'n periode van 21 dae toedien nie. Vir enige opvolgbespuitings moet daar minstens 28 dae vanaf die laaste toediening verloop. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as vier maal per seisoen, op Persimmons toedien nie.</p>
<b>PERSKES ingesluit NEKTARIENS</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm (Helicoverpa armigera)	20 ml	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>Nota: <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurm, is meer effektief teen jonger larwes.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>SLEGS NEKTARIENS</b>            Blaaspootjies            (Verskeie spesies, insluitend “Western Flower Thrip” - WFT - <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p> <p>Vroeë skade</p> <p>Versilwering (voorkoming)</p>	<p>15 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom, veroorsaak. Skade wat deur "WFT" veroorsaak word, kan so laat as, kort voor oes, voorkom. (Sien “versilwering”). Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteit. Voorgeskrewe verkenningsmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal.</p> <p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> gedurende blom as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperiode en die aanwesigheid van blaaspootjies, mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die eerste blaaspootjie-aktiwiteit, wat versilwering tot gevolg mag hê, opgemerk word. Moenie nader as 7 dae aan oes toedien nie.</p> <p><b>Weerstandbestuur:</b> Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as vier maal per seisoen, op Nektariens toedien nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>PERE</b> Amerikaanse (Afrika) bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>20 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p><b>Nota:</b> <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel- of korrektiewe bespuiting teen bolwurm, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p><b>Weerstandbestuur:</b> Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as vier maal per seisoen op Pere toedien nie.</p>
<p><b>PREIE</b> Blaaspootjies (<i>Thrips tabaci</i>)</p>	<p>15 ml (75 – 150 ml/ha) + 150 – 250 ml ligte of medium smal bestek minerale olie</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreerde benattingsmiddel teen die geregistreeerde dosis vir gebruik op uie.</p>	<p>Dien in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 – 1000 l/ha toe, verseker dat plante deeglik benat word. Herhaal toedienings elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie- verwante insekdoders soos in anti- weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Gebruik die korter tussenpose van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande. Nieteenstaande beheermaatreëls mag blaaspootjieskade voorkom.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
PREIE (verv.)		Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b> , moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.
<p><b>PRUIME</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Blaaspootjies (Verskeie spesies, insluitend "Western Flower Thrip" - WFT - <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. <b>Nota:</b> <b>TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende, vroeë blom tot kort na-blom, veroorsaak. Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteit. Voorgeskrewe verkenningmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal.</p> <p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> gedurende blom as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperiode en die aanwesigheid van blaaspootjies mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p><b>Weerstandbestuur:</b> Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b> moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in totaal, meer as vier maal per seisoen, op pruime toedien nie.</p>



GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<b>SIERPLANTE EN ROSE</b> "Western Flower Thrip" ( <i>Frankliniella occidentalis</i> )	5 ml/10 l water	<p><b><u>Korrektiewe bespuiting:</u></b>            Verwyder alle oop blomme voor bespuiting as blaaspootjies teenwoordig is op Rose. Nie nodig op ander plante nie, maar dit kan effektiwiteit verbeter. Dien as 'n volle dekbespuiting toe oor die blare, oop blomme en blomknoppe.</p> <p><b><u>Voorkomende bespuiting:</u></b>            Dien as 'n volle dekbespuiting weekliks toe voordat blomknoppe open. 'n Minimum van drie bespuitings elke 7 dae behoort effektiewe beheer te gee.</p>
<b>SPINASIE</b> Blaaspootjie spp.	15 ml (75 – 150 ml/ha) + 150 – 250 ml ligte of medium smal bestek minerale olie  OF  'n Geregistreerde benattingsmiddel teen die geregistreerde dosis vir gebruik op spinasie.	<p>Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen ten minste 500 l/ha tot 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie- verwante insekdoders soos in anti- weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Gebruik die korter tussenpose van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>SPINASIE (verv.)</b>  Amerikaanse (Afrika)  Bolwurm  (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Amerikaanse Bladmyner  (<i>Liriomyza trifolii</i>)</p> <p>Tamatieblaarmyner mot  (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>20 ml  (100 – 200 ml/ha)  +  150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreerde dosis  vir gebruik op  spinasië.</p> <p>30 ml  (150 - 300 ml/ha)  +  150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreerde dosis  vir gebruik op  spinasië.</p>	<p>Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b>, moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<p><b>SITRUS</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Sitrus blaaspootjie (<i>Scirtothrips aurantii</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml + 300 ml van 'n geregistreerde ligte of medium smal bestek minerale olie</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. <b>Nota: TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurm, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Begin toedien na 90 % blomblaarval sodra blaaspootjie waargeneem word. Herhaal toediening indien nodig. Dien toe as 'n ligte dekbespuiting tot voor afloop. Moet nie <b>TRACER® 480 SC</b> meer as vier keer per seisoen toedien nie. Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b> wissel af met 'n nie-verwante blaaspootjie middel.</p>
<p><b>TAFELDRIUWE</b> Amerikaanse (Afrika) Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend "Western Flower Thrip" <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>20 ml</p> <p>15 ml</p>	<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. <b>Nota: TRACER® 480 SC</b> as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurm, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Blaaspootjies en gepaardgaande skade by tafeldriuwe kom normaalweg gedurende die blomperiode tot kort daarna voor. In sommige areas en onder sekere toestande (bv. langdurige warm en droë toestande) mag blaaspootjies egter later in die seisoen voorkom. Die aanwesigheid van blaaspootjies moet op 'n gereelde basis gemonitor word en beheermaatreëls moet oorweeg word wanneer die infestasië drempelwaarde bereik of oorskry.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 L WATER	OPMERKINGS
<b>TAFELDRUIWE (verv.)</b>		<p>Dien <b>TRACER® 480 SC</b> as 'n hoë volume dekbespuiting toe. Afhangend van die duur van die blomperiod of aanwesigheid van blaaspootjies mag 'n opvolgbespuiting binne 5 – 7 dae nodig wees, om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p>Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as twee (2) opeenvolgende bespuitings per seisoen toedien nie. (Let op onthoudingsperiodes).</p>
<p><b>TAMATIES</b>  Amerikaanse blaarmyner  (<i>Liriomyza trifolii</i>)</p> <p>Amerikaanse (Afrika)  bolwurm  (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Tamatie Vals-landmeter  (<i>Chrysodeixis acuta</i>)</p> <p>Tamatieblaarmyner mot  (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>30 ml  (150 – 300 ml/ha)  +</p> <p>150 – 250 ml  ligte of medium  smal bestek  minerale olie</p> <p>OF</p> <p>'n Geregistreeerde  benattingsmiddel  teen die  geregistreeerde dosis  vir gebruik op  tamaties.</p>	<p>Dien in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 tot 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae toe.</p> <p>Begin toedien wanneer plaë vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie- verwante insekdoders soos in anti- bestandsheidsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaë te verseker.</p> <p>Die volume spuitmengsel per ha word bepaal deur die plantgrootte en digtheid van die blaredek. Begin met 'n minimum van 500 l/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 'n maksimum van 1000 l/ha namate die planthoogte en digtheid van die blaredek toeneem.</p> <p>Gebruik die korter interval van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande of waar natuurlike vyande totaal afwesig is.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/ 100 L WATER	OPMERKINGS
TAMATIES (verv.)		Vir doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b> , moet <b>TRACER® 480 SC</b> nie in meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings binne enige periode van 28 dae, toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.
<b>UIE</b> Blaaspootjies ( <i>Thrips tabaci</i> )	15 ml (75 – 150 ml/ha) + 150 – 250 ml ligte of medium smal bestek minerale olie  OF  'n Geregistreeerde benattingsmiddel teen die geregistreeerde dosis vir gebruik op uie.	Dien in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 – 1000 l/ha toe, verseker dat plante deeglik benat word. Herhaal toedienings elke 7 – 10 dae.  Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met <b>TRACER® 480 SC</b> toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Gebruik die korter tussenpose van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder, bv. gedurende somermaande. Nieteenstaande beheermaatreëls mag blaaspootjie skade voorkom.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/ 100 L WATER	OPMERKINGS
UIE (verv.)		Vir die doeleindes van 'n <b>weerstandstrategie</b> , moet <b>TRACER® 480 SC</b> in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel <b>TRACER® 480 SC</b> in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie <b>TRACER® 480 SC</b> in meer as 'n totaal van ses (6) bespuitings per aanplanting aanwend nie.

**Plaaslike noodnommer: +27(0)82-895-0621 (slegs SA)**  
**24 Uur nood Tel No: +32-3-575-5555**  
**Inligtingsnoodlyn: Tel No: +27(0)12 683-5700**